SÊ JOU SÊ!

# VOORGESTELDE BUITEWERKINGSTELLING VAN VERKEERSLIGTE BY DIE KRUISING TUSSEN ONWERWACHTWEG EN MICHAELSTRAAT, STRAND

Die direktoraat stedelike mobiliteit het in reaksie op vele vorige insidente van diefstal en vandalisme die buitewerkingstelling van die verkeersligte by die kruising van Onverwachtweg en Michaelstraat ondersoek. Daar word voorgestel dat die kruising na 'n vierrigtingstopstraat verander word.

Ons is deur verskei emense ingelig dat plaelik motroriste die verkeersligte in die omgewing blatant verontagsaam en alle kruisings as toegeetekens beskou, ongeag of daar verkeersligte is nie, of nie.

Daarby moet gesteelde of gevandaliseerde toerusting voortdurend vervang word en ons beveel dus aan dat die verkeersligte buite gebruik gestel word en dat die kruising na 'n vierrigtingstopstraat verander.

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belanghebbende partye of groepe die geleentheid gebied om van 12 Julie 2026 tot 12 Augustus 2026 kommentaar, insette en aanbevelings by die munisipaliteit in te dien.

**Die aanbevole veranderinge word hier onder aangetoon:**




**Dien kommentaar in**

- Aanlyn: www.capetown.gov.za/haveyoursay
- E-pos: Transport.News@capetown.gov.za
- Skriftelike voorlegging: Subraad 8, Strand- munisipale kantoor, hoek van Hoofweg en Faganstraat, Strand of by die Strand-biblioteek

Spesiale bystand sal gegee word aan mense wat nie kan lees of skryf nie, mense met gestremdhede en benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, om hulle insette of kommentaar aan te teken en by die munisipaliteit in te dien. Kontak Mbuthokazi Kubashe by 021 400 9808 of mbuthokazi.kubashe@capetown.gov.za vir bystand.

**Vir verder navrae, kontak Nobesuthu Nyati by 021 400 5134 of e-pos MPT.oralhearings@capetown.gov.za.**

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
CTA143/2026

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.